

SIEKTES

'AANSPREEKLIKHEID NOU 'N SAAK VAN NASIONALE BELANG'

DIE Suid-Afrikaanse Federasie van Rooivleisprodusente, 'n formele instelling bestaande uit die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en die nasionale opkomende Rooivleisprodusente-organisasie (Nerpo), het op sy jaarlikse raadsvergadering in Pretoria gesê daar moet nou ernstig besin word oor die kwessie van aanspreeklikheid ná die jongste uitbreking van bek-en-klouseer.

Die uitbreking van bek-en-klouseer is in besonderhede bespreek. Ná die aankondiging deur die departement van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming oor die jongste uitbreking het die federasie die volgende standpunt gestel:

“Bek-en-klouseer is 'n beheerde siekte en dit is daarom die primêre verantwoordelikheid van die nasionale en provinsiale departemente van landbou om dit te bestry.

“Die bedrywe is deur middel van die nasionale en provinsiale dieregesondheidsforum betrokke en speel 'n ondersteunende rol met die bestryding van die siekte. Daar is volle begrip vir die feit dat die owerheid tans onder kapasiteitsprobleme gebuk gaan, maar dit het waarskynlik tyd geword om voorrangsaake te bepaal en na die kritieke aspekte van beheer-maatreëls van siektes, wat 'n implikasie op internasionale handel het, te kyk.

“Die daarstelling van 'n naspourbaarheidstelsel en kompartemente ten opsigte van diesesiektes is nou uiters noodsaaklik.”

Die federasie is oortuig dat invoer van Botswana 'n risiko vir die gesondheidsstatus van Suid-Afrika se veekudde kan inhou. Die direkteur van dieregesondheid is deur middel van die nasionale dieregesondheidsforum versoek om 'n risiko-ontleding te doen en dat dié ontleding die invoermaatreëls moet bepaal.

Ander sake wat deurtrap is, sluit in veediefstal en die statutêre heffing. 'n Mosie van meelewing met produsente, plaaswerkers en vee wat onder die knellende droogte gebuk gaan, is aanvaar.

STATUTÊRE HEFFING

Die huidige statutêre heffing eindig in November volgende jaar en die Rooivleisbedryfsforum het besluit om nie meer as 'n forum daarom aansoek te soek nie.

Die federasie het die beginsel aanvaar dat individuele belanghebbendes of groeperings daarvan om die heffing aansoek kan doen. Die vergadering is ingelig dat 'n groepering bestaande uit die RPO, Nerpo, die Rooivleisabattoirvereniging en die SA

Voerkraalvereniging tans 'n nuwe heffingsaansoek voorberei.

Die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) is genader om die tekortkominge in die bedryf wat deur middel van 'n statutêre heffing aangevul moet word, uit te wys.

Luidens die federasie is dit duidelik dat kapasiteitsprobleme binne die regering 'n hoër heffing sal noodsaak indien die bedryf in die toekoms suksesvol wil wees. Daar word beoog om 'n konsep vir die aansoek teen Januarie af te handel.

'Invoer van Botswana kan 'n risiko vir die gesondheidsstatus van Suid-Afrika se veekudde inhou.'

VEEDIEFSTAL

Mnr. Bheki Cele, minister van polisie, het op 12 September vanjaar die nasionale misdadstatistieke vir Suid-Afrika, insluitende die veediefstalstatistieke, bekend gestel. Indien 2014-15 as 'n basisjaar vir veediefstal beskou word, het veediefstal die afgelope vyf jaar nasionaal met 'n skrikwekkende 18,8% toegeneem. Die aantal vee wat gesteel is, het in die ooreenstemmende tydperk met 26,5% gestyg. Suid-Afrika verloor dus een ekonomiese boerdery-eenheid per dag. In gevalle waar mense met beperkte veegetalle boer, word hul lewensbestaan doodeenvoudig vernietig.

Ander sake wat bespreek is, sluit in:

- Terugvoer van die Rooivleisbedryfsforum, wat die hele waardeketting verteenwoordig, oor al die aksies wat die afgelope jaar namens die belanghebbendes onderneem is.
- Terugvoer oor projekte vir volhoubare produksie wat die afgelope jaar deur Nerpo en die RPO onderneem is, asook oor die verbruikersopvoedingsprogramme van Skaapvleis SA en BeefTalk. Die federasie is dit eens dat daar in die volgende heffingsaansoek 'n kundighedsentrum gestig sal word wat die diensverskaffer vir skaapvleis- en beesvleisverbruikersopvoeding sal wees.

- Die federasie het ook terugvoer ontvang oor die transformasieprojekte waarvan die RPO en Nerpo die diensverskaffers is.
- 'n Formele struktuur, naamlik Roofdierbestuur SA, is gevestig om die probleem van roofdiere te takel. Sodra 'n uitvoerende voorsitter aangestel is, sal dit gestalte aan werksaamhede gee. Die wetenskaplike ontleding oor die bestuur van roofdiere in Suid-Afrika is ook afgehandel en sal 'n bydrae lewer om norme en standaarde in te stel. Roofdierbestuur SA sal meer aan opleidingsprogramme aandag gee.
- Die nuutste in- en uitvoersyfers is bespreek. Luidens die federasie is Suid-Afrika internasionaal mededingend aangesien invoer van oorsee baie laag is. Beesvleisuitvoer is op byna soortgelyke vlakke as wat dit was voor die uitbreking van bek-en-klouseer in Januarie. Daar is hard gewerk aan bilaterale ooreenkomste en om uitvoer te hervat.
- Die federasie het die komitee vir die koördinerende van die welstand van vee formeel versoek om die uitvoer van lewende slagdiere per skip wetenskaplik te evalueer. Ander aangeleenthede waarmee die komitee tans besig is, sluit in veediefstal en roofdiere vanuit 'n diereorgoogpunt, veewelstandskodes, 'n kontrolelys om op die plaas na diere welstand om te sien en opleidingskursusse vir die hantering van diere.
- Die beginsel van projekte wat navorsing vereis, is afgehandel. In die toekoms sal navorsing in 'n groot mate deur die bedryf gerig word en nie noodwendig deur die navorsers nie. Die navorsing sal gerig word deur sewe navorsingsprogramme, wat insluit die volhoubare benutting van die natuurlike hulpbronne, die internasionale mededingendheid ten opsigte van die verbetering van vee en weiding, die voorsiening en vermindering van landbou-riksos en die instelling van 'n volhoubare dieregesondheidsstelsel vir die rooivleisbedryf. Ander programme sluit in oplossings, prosesse en tegnologieë wat die produksie en verwerking van diereprodukte sal verbeter, die markgerigte ontwikkeling van die rooivleisbedryf, asook die kommersialisering van die opkomende sektor.
- 'n Vrywillige graderingstelsel is eenparig deur die federasie ondersteun. Dit sal aanvullend tot die klassifikasiestelsel gebruik kan word om verbruikers van 'n beter eetervaring te waarborg.
- Beter versorging van plaasdiere (vee) lei tot beter produktiwiteit en derhalwe ekonomiese voordele. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za